14 November | NG Gemeente Kogelberg | 2025

# Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 16 NOVEMBER SE EREDIENSTE

**09:00**

**Hangklipkerk**

Ds. Leopold van Huyssteen

Luk 21:8 & 35

**09:30**

**Kleinmondkerk**

Dr. Ryk van Velden


Rom 12:13

LIG | DEERNIS | HOOP

Hangklipkerk




Kleinmondkerk






## YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die* ***SnapScan-opsie*** *om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 17 November** | ***11:30*** | Predikante Preekwerkgroep (Kapel) |
| | ***18:00*** | Kuierkerk Wyksraad (TYD) |
| **Dinsdag 18 November** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***17:00*** | Eko-bediening afsluiting (Kerksaal) |
| | ***17:30*** | Sopkombuis (KFC) |
| | ***17:30*** | Pre-advieskommissie (TYD) |
| **Woensdag 19 November** | ***11:00*** | Kleinmondkerk Wyksraad (TYD) |
| | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| **Donderdag 20 November** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| | ***06:30*** | Kleinmond Mannegroep |
| | ***10:00*** | Kerkkantoor in Hangklip |
| **Vrydag 21 November** | ***16:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |

Ons dink met liefdevolle meegevoel aan die families en vriende van die volgende lidmate wat oorlede is:

Gert le Grange (PM1)
Jannie Gildenhuys (Ba3)
Kobus Redelinghuys (BB1b)
Magriet Gresse (HK3)



# YOLANDÉ KORKIE in KLEINMONDKERK: GETUIENIS-SONDAG, 16 NOVEMBER 2025

Na haar vrylating uit aanhouding as gyselaar in Jemen, het die Here vir Yolandé gelei om die organisasie Crisis Response Network (CRN) te stig. Hulle klein groepie personeellede vat hande met Christen-organisasies en diensaksies wat op verskillende plekke in die wêreld nood verlig.



Uganda is die Afrikaland wat vanjaar al amper 'n halfmiljoen vlugtelinge ontvang het. Kos word voorsien deur te plant en die produkte te versprei. Vlugtelinge uit Soedan plaas ook druk op Uganda. Kinders in die vlugtelingkampe kom nie maklik by skole nie, weens die koste en afstand. CRN samel nou geld in om weens hierdie nood fietse vir die kinders aan te koop.

• In Gasa het kospryse die hoogte ingeskiet en is dit 'n baie groot uitdaging om warm maaltye te verskaf. Baie kinders is beseer en getraumatiseer in die verwoestende oorlog. CRN werk saam met die Shepherd Society om die regte prostese te voorsien vir kinders wat liggaamsdele verloor het. Hulpmiddels word ook ingespan om kinderslagoffers se trauma te verlig.

• Afghanistan is 'n Moslemland waar daar jaarliks omtrent 10 aardbewings plaasvind. Derduisende mense sterf of word beseer. Vroue word nie geag nie en mag nie met mans praat nie. Om nood te verlig en vroue te bereik is dus baie groot uitdagings.

Yolandé sal hiervan vertel. Ons gemeente ontvang ook 'n groepie migrante wat in ons omgewing woon. Hulle is genooi om middagete saam met ons te geniet.

# Deuroffers



Sondag se Sinodale
Deuroffer is vir die
Nasionale
Instituut
vir Dowes


Volgende week se Deuroffers
is vir Predikantebegeleiding




Kuierkerk

Wyksraad




Pre-advies

Kleinmondkerk


Wyksraad



## Gebedsgroepe




## Bybelskool




## Dankoffers



## Kerkkantoor




## Manne




## Lootjies




Sopkombuis
Ons benodig nog 30 skoon leë koffiebottels met deksels vir die Sopkombuis van 18 November!
Bring asseblief direk na die Kerkkantoor.


Belangrike Datums
18 November
• Sopkombuis bottels pak 17:30 (KFC)
28 November
• Laaste dag om jou lootjie te koop!
5 Desember
• Gemeentekuier 18:00 (Kerksaal)
6 Desember
• Kersspel 18:30 vir 19:00 (Kleinmondkerk)
7 Desember
• Kerssangdiens 09:00 (Hangklipkerk)
7 Desember
• Kersspel 18:30 vir 19:00 (Kleinmondkerk)


NG Gemeente Kogelberg bied aan
Gloria in Excelsis Deo!
6 & 7 Desember 2025
18:30 vir 19:00
Kleinmondkerk, Vierde Laan 67
Gratis kaartjies kan by die kerkkantoor in Vierde Laan afgehaal word
Vrywillige bydraes sal waardeer word




**Barmhartigheidsbediening** gaan **vetkoeke verkoop** tydens die **twee aande** van die **Kersspel.**

***R30 per vetkoek***

*Kaas & konfyt*

*Kerrie-maalvleis*

*Hoender-mayo*

*Bestellings kan by die Kerkkantoor geplaas word. Daar sal ook op die aand vetkoek te koop wees (beperkte hoeveelhede).*

## Spesiale Koskasinsameling vir Kerstyd

Ons benodig nie-bederfbare produkte soos blikkies ingelegde vrugte, vla, koekies, of enige iets wat jy voel kan bydra tot die **Kersboks**.




Plaas asseblief jou bydrae in die houers by enige van ons drie bedieningspunte **teen Woensdag 3 Desember 2025.**


## KERKKANTOOR*ure*

*Tydens Desember 2025 & Januarie 2026*

| | |
|---|---|
| 22 - 31 Desember 2025 | |
| *Maandag - Vrydag* | 10:00 - 11:00 |
| 1 - 12 Januarie 2026 | GESLUIT |
| 14 Januarie 2026 | HEROPEN |

# Belangrike kennisgewing





## Eredienstye Kleinmond

In die lig van ons begroting met die oog op die beroep van 'n tweede voltydse leraar, het die Kerkraad besluit dat eredienstye in 2026 soos volg sal verander:

Kuierkerk om 08:00
Hangklipkerk om 09:00
Kleinmondkerk om 10:00

In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees




**Plastiek Herwinningshouer**
**Ten bate van Rolstoel projek**
**Proppies & Doppies**
**& Knippies (van broodsakkies)**

***Moet asseblief nie as 'n asblik gebruik word nie.**

***Hiermee saam 'n inisiatief deur die Finansiële Kommissie (FK) om terugvoer te gee oor enkele finansiële aangeleenthede.***

# SKILPAD EN DIE HAAS


*Dis nie die vinnige haas wat wen nie, maar die slim skilpad wat nie tee drink oppad nie.*





## 1 Maart 2025 - 30 September 2025

| | Werklik | Begroot | Surplus/ (Tekort) |
|---|---|---|---|
| Dankoffers | R 2 001 469 | R 1 663 300 | R 338 169 |
| Geloofsoffers: DVB | R 136 966 | R 42 000 | R 94 966 |
| Geloofsoffers: Getuienis | R 145 916 | R 76 500 | R 69 416 |
| Huurinkomste: Saal | R 14 323 | R 3 500 | R 10 823 |
| Kleinmond Basaar | R 308 374 | R 250 000 | R 58 374 |

## *Oorsig - Uitgawes van Maart tot September*



# Instandhouding

Instandhouding as uitgawe is moeilik om op 'n maandelikse basis te evalueer en moet eerder op 'n jaarlikse basis beoordeel word. Baie projekte behels groot bedrae en kan slegs op sekere tye van die jaar uitgevoer word (byvoorbeeld na die winter), en dit is waarom die Instandhoudingsuitgawes uitgesluit is Totale Uitgawes se grafiek hierbo. Daarom is dit belangrik om die lopende projekte in gedagte te hou wanneer ons na die syfers kyk.

# Projekte waarmee ons besig is...

- Verbeteringswerk aan die verhoog in die Kleinmondkerk is tans aan die gang.
- By Hangklipkerk word die waterdigting van die muur binnekort aangepak om die vogprobleem te verlig.
- Opknapping en instandhouding van die badkamers by die Kerksaal is deel van die jaar se beplanning.
- Spesifieke instandhoudingswerk by die pastorie is reeds in die beginfase.
- Opvul en herstel van die slaggate in die parkeerterrein by die Kleinmondkerk is goedgekeur en ons beoog om teen einde Januarie 2026 klaar te wees.

# Woord van dank...

'n Spesiale woord van dank aan die Getuienisaksie en Barmhartigheidsbediening, wat aan die begin van die finansiële jaar met feitlik geen toegekende fondse begin het nie. Deur die inisiatief van ons lidmate, harde werk en die finansiële steun van ons gemeente kon hierdie kommissies hulle werksaamhede voortsit en 'n positiewe fondsbalans opbou.

Nog 'n item in ons inkomste-begroting is die huurinkomste wat deur die Kerksaal gegenereer word. Tot dusver het ons drie keer meer huurinkomste ontvang as wat aan die begin van die jaar begroot is. Hierdie inkomste is nie net 'n waardevolle finansiële bydrae nie, maar help ook met instandhoudingsuitgawes en dra by tot 'n lewende en bedrywige atmosfeer in en om die saal.

Ons harte is vol dankbaarheid vir elkeen van ons lidmate wat getrou maand-na-maand hulle dank- en geloofsoffers gee. Ons waardeer ook die ondersteuning van vriende buite ons gemeente wat bydra tot ons spesiale fondsinsamelingsprojekte.

Ons doen 'n hartlike beroep op julle om voort te gaan met hierdie getroue gees van gee. Dit stel ons in staat om ons bedieninge vol te hou, ons roeping uit te leef, en ons finansiële grondslag vir die toekoms te versterk.

Aan Hom alleen kom al die eer toe.

# Fokus-bediening

## Barmhartigheidsbediening


Die Diens van Barmhartigheid leef die liefde van Christus prakties uit deur omgee vir behoeftige gesinne, kinders en huisgebondenes in ons gemeenskap. Ons bedien deur projekte soos Caritas se kospakkies, die Toebroodjieprojek, die Omgee-boetiek, en ondersteuning aan die Robertson Kinderhuis. Deur die vrygewigheid van ons gemeente maak ons 'n blywende verskil in mense se lewens.

## CARITAS

Ons harte is vol dankbaarheid vir die oorvloedige bydraes vanuit ons gemeente. Dit het ons in staat gestel om nie net met die kospakkies voort te gaan nie, maar ook meer gesinne in nood die geleentheid te bied om in 2026 maandeliks 'n kospakkie te ontvang.

## Hoe kan jy bydrae?

- ‘n Geloofsoffer vir Barmhartigheidsbediening
- Kosinsamelings tydens Nagmaal een keer per kwartaal
- Raak aktief betrokke by een van die aksies:






# Waar staan ons met ons beroepingsproses?

Die vakature vir ons gemeente se tweede voltydse leraarspos is die afgelope drie weke voluit bekendgestel - veral in Die Kerkbode. Lidmate uit ons gemeente het in totaal 10 nominasievormpies voltooi en die genomineerde persone is reeds gekontak en gevra of hulle dit nie sou oorweeg om hulleself beskikbaar te stel vir die pos nie. Meeste van hierdie genomineerdes het reeds aangedui dat hulle ongelukkig nie op hierdie stadium dit sou oorweeg nie.

Verder het ons tans 7 formele aansoeke ontvang en 'n navraag of twee oor die pos hanteer. Kandidate het tot Sondag 16 November om op die vakature te reageer. Ons vertrou ook dat dit so sal gebeur.

# Dringende versoek

Dit spreek vanself dat hierdie komende week 'n baie kritiese fase in ons beroepingsproses is. Daarom vra ons vir almal om ernstig voorbidding te doen. Kom ons ondersteun elkeen van die persone wat deur die vakature geraak is, in ons gebede. En bid asseblief saam dat die Here die persoon sal voorsien wat Hy vir die volgende seisoen van ons gemeente vir ons in gedagte het.

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

**Vakature: Voltydse Predikantspos**
**(Reglement 13 van die Kerkorde)**

**Gemeenskaps- en Gemeenteprofiel**
NG Gemeente Kogelberg strek vanaf Arabella tot by Rooiels en sluit Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels in. Ongeveer 70% van die lidmate woon in Kleinmond en 25% in die Hangklipstreek. Kleinmond lê 90 km van Kaapstad en 40 km van Hermanus, in die Kogelberg Biosfeer – een van die wêreld se rykste fynbosgebiede.

Ons gemeente bestaan uit ongeveer 1600 belydende en 120 dooplidmate. 'n Groot deel is afgetredenes wat aktief in die gemeenskap en verskeie organisasies betrokke is. Ons gemeente het tans 3 eredienspunte (twee in Kleinmond en een in Bettysbaai). Ons het 'n goeie laerskool op Kleinmond met ongeveer 400 leerders en die meeste hoërskoolleerders gaan na Hermanus, maar sommige ook na Caledon.

Ons gemeenteroeping lui: *"Draers van Sy Lig, Verskilmakers met deernis en Ambassadeurs van hoop."*
Erediensplekke is die Kleinmondkerk (Vierdelaan), Kuierkerk (Eerstelaan) en Hangklipkerk (Bettysbaai).

Vir meer inligting: stuur epos stuur na info@ngkogelberg.co.za of heinrich@ngkogelberg.co.za of besoek ons webtuiste by www.ngkogelberg.co.za of ons Facebookblad NGK Kogelberg.

**Predikantsprofiel**
Ons soek 'n predikant wat:

- die normale ampspligte (Artikel 9/Kerkorde, 2023) as bedieningsriglyn aanvaar
- 'n lewende verhouding met God Drie-enig het
- spanwerk waardeer en vernuwing met wysheid fasiliteer;
- ons gemeenteroeping deel en saam met ons oor God se pad met die gemeente dink;
- inspirerende leiding neem en fokus op intergenerasionele familiebediening;
- die Woord op 'n Skrifgetroue, relevante wyse verkondig;
- oor 5–10 jaar bedieningservaring beskik en saam met ons huidige predikant 'n diverse gemeente kan begelei;
- geestelik en emosioneel volwasse is, met 'n positiewe lewensuitkyk en waardes van respek, deernis en luister.

**Vergoeding**
Volgens Sinodale Riglyne (Kerf 9 maksimum). 'n Doelmatige pastorie in Kleinmond is beskikbaar.

**Aansoeke**
Stuur per e-pos aan **info@ngkogelberg.co.za**:

- Aansoekbrief
- CV (maksimum 3 bladsye)
- Drie relevante referente
- Kort **bekendstellingsvideo** oor jou bedieningservaring, gawes, visie en roeping
- Skakels na erediensopnames

**Sluitingsdatum**: Sondag, 16 November 2025 **Onderhoude**: 24-28 November 2025

Ingevolge die **POPIA-wet** gee kandidate toestemming dat hul inligting deur die pre-advieskommissie en kerkraad slegs vir hierdie aanstellingsproses gebruik mag word.

**Navrae:**

- Heinrich Carstens (Voorsitter Kerkraad): 083 566 1490 / heinrich@ngkogelberg.co.za
- André Theron (Voorsitter Pre-advieskommissie): 076 903 8271 / lali.theron@gmail.com
- Joke Venter (Bedieningsbestuurder): 072 711 2261 / 028 271 3470 / info@ngkogelberg.co.za

*Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.*

# Hangklip Kuierbasaar 1 November



Dit is al lank na nege en basaargangers stroom nog in. Verkope was goed en vinnig en van die produkte was al teen elfuur uitverkoop.



Die basaar is ook uit die Mooiuitsig-gemeenskap goed ondersteun en daar was nog tyd vir stoepstories by dié groepie.




In hierdie kombuis word dit warm, veral wanneer meer as 800 pannekoeke gebak word.



Wanneer daar so lekker gelag word, dan weet 'n mens die basaar lewer sy kwota grappies en pret op.



Die plasing van die kindervermaak reg by die ingang het gehelp om 'n vrolike stemming by die basaar te skep.




By die potjiekostafel was daar groot druk, want dit is nie aldag dat jy ‘n afvaltjie te koop kan kry nie.



Hallo, Dominee. Heinrich Carstens het van die basaar gebruik gemaak om op voetsoolvlak met gemeentlelede te meng.



Die parkeeraanwysers was van die min mense wat gekla het, want die basaargangers was nie gehoorsaam nie en het op moeilike plekke hul staan gaan kry..




Sedrick Taljaard is al goed gekonfyt in sy rol as aankondiger oor jare by die Hangklip-Kuierbasaar.

# Vrouediens

## NG Kerk Kogelberg

## Afsluiting

Dinsdagmiddag 4 November 2025 15h00



Foto's verskaf deur Elaine Reitsma

Met liefde gemaak deur Joanne













# Vrouediens
## NG Kerk Kogelberg
## Afsluiting

Dinsdagmiddag 4 November 2025 15h00

Foto's verskaf deur Elaine Reitsma

Met liefde gemaak deur Joanne



















# Eko-bediening

VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg

**Skoonmaakdag met Rooiels-koffie**

**Faerie Glen Piekniekplek**

Saterdagoggend 12 November 2025 8h30 -10h00

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here

Rooiels OUTREACH

TRUST REGISTRATION IT 1399/2022

*Met liefde gemaak deur Joanne*

















Eko-bediening
VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg
Skoonmaakdag
Faerie Glen Piekniekplek
Saterdagoggend 12 November 2025 8h30 -10h00
EKO-BEDIENING
Met liefde gemaak deur Joanne
OVERSTRAND
PALMIET
RIVIER TOEGANG
RIVER ACCESS
ULONDOLOZO LWEZENDAL
FIRE & RESCUE: 028 312 2400

# Verjaarsdae!

## 1 November

Lina Van Rooyen 072 435 1740 (Sb2)

## Saterdag 15 November

Zachi De Beer 082 771 1311 (HK1)
Anna Kleynhans 076 682 1945 (Sa4)
Maretha Mouton 078 232 7752 (PM1)
Johan Nieuwenhuis 072 976 2177 (Bb3)
Lourens Van Der Merwe 083 636 0744 (Sa1)

## Sondag 16 November

Monica De Wit 072 286 8919 (PM5)
Johanna Dreyer 083 564 6200 (Sa2)
Johann Erasmus 072 255 2733 (KB1)
Shawn Hill (KB5)
Willie Hill 081 552 2182 (KB5)
Lisel Krige 082 572 2711 (BB3)
MJ Van Rooyen 084 701 6239 (Sb2)

## Maandag 17 November

Ruben Le Grange (PM5)
Katelyn Mather (PB2a)
Stefan Olivier 076 152 2071 (BB1a)
Theresa Schutte 083 717 8196 (HK3)



## Dinsdag 18 November

KMarlené Botha 084 207 2013 (Sc1)
Riana Dicks 084 621 4313 (HK1)
Amanda Du Plessis 083 302 5607 (HK3)
Marieta Kemp 082 894 1129 (Sb2)
Rouxme Kruger 084 516 7874 (PM1)
Magda Leibbrandt 082 864 6429 (PM5)
Riana Olivier 076 152 2071 (BB1a)
Adleen Swart 082 263 8346 (KB5)
Joke Venter 072 711 2261 (Ba1b)

## Woensdag 19 November

Herman Du Preez 082 857 2219 (Sb4)
Raynic Gerber082 818 0939 (Ba3)
Nico Van Aarde 072 225 0295 (KB2)
Jeremy Van Der Vyver 082 552 1077 (Ba2)
Hettie Visser 084 351 2399 (Sc1)
Riëtte Zaaiman 083 561 1487 (Sb1)

## Donderdag 20 November

Leon Beichter 083 352 8682 (PM5)
Marnus Beyers (Sb4)
Anita Botha 082 466 5681 (Bb1)
Christha Fick 072 123 4727 (PM3)
Salomo Gerber 082 462 6894 (HK2)
Suelene Huisamen 072 595 3867 (HK2)
Rita Louw 082 925 0275 (BB1b)
Johan Swiegelaar 083 656 0497 (BB2)

## Vrydag 21 November

Surette Botha 082 372 4072 (BB4)
Ferdie Colyn 072 092 3303 (Sc1)
Anna-Marie du Plessis 084 455 5155 (BB5)
Wanie Jordaan 079 931 0369 (Sa2)




'n Kort getuienis... en uitnodiging om ook so te maak.

Ek kry die afgelope week 'n kort briefie van een van ons lidmate. Hy sê dat hy net 'n gewone lidmaat is sonder enige titels of aanstellerigheid. En hy deel met my iets van sy proefneming oor die afgelope paar weke.

Hy sê: "Ons betree nou 'n tydperk van welwillendheid - veral rondom die Kersgety - en ek het besluit om by vier van ons sakeondernemings met wie ek gereeld sake doen te begin deur die assistente en/of kassiere wat my bedien met 'n ekstra woordjie van dank te groet en my waardering uit te spreek vir die goeie diens."

Terwyl ek dit lees, klop my hart sommer bietjie vinniger, want dit is mos waaroor praktiese christenskap gaan... die uitleef van gasvryheid en liefde soos wat ons dit van God ontvang het.

Hy getuig verder: "Ek het moeite gedoen en gekonsentreer, sodat ek die spesifieke persone weer sou herken en met hulle kon gesels. Die een dame het rakke gepak in in supermark en ek het haar bedank vir vriendelikheid en ook vir die netjiese rakke. Die pompjoggie by die vulstasie het behoorlik geblom toe ek hom komplimenteer met sy flinke diens. En watter vreugde is dit nie nou om hierdie persone te herken wanneer ek die plekke weer besoek nie! Daar het inderdaad tussen ons 'n verhouding begin wat my hartsnare roer."


Ek en jy weet mos dat hierdie ingesteldheid hoort by 'n gelowige dissipel van Jesus Christus. Ons wat iets van God se gasvryheid beleef het, kan mos eintlik nie anders as om dit ook te betoon teenoor ander nie!

En daarom nooi ek - en hierdie anonieme lidmaat - jou uit: "As hierdie idee aan lidmate gepropageer kan word, is ek seker daar gaan 'n reuse verskil in hierdie dorp gemaak word.

# Hoe goed kan ons regtig lees?

oor die vernietiging van die tempel en die tekens van die tyd

**Gespreksblad vir groepe**
**Lukas 21:5-38**




GROEPGESPREKKE | 17 - 22 NOVEMBER 2025

**1. Gesels bietjie saam...**

1.1. Hoe weet ons as dit die einde van 'n seisoen is? En hoe weet ons as 'n nuwe seisoen aanbreek? Gesels bietjie oor die verskillende seisoene (ook van julle lewens).

1.2. 'n Nuwe kerkjaar begin oor twee weke met die aanbreek van Adventstyd. Dit is dus die einde van hierdie kerklike seisoen. Wat is die een ding wat jy vanjaar geleer het wat jy met jou wil saamdra die nuwe seisoen in?

1.3. Wat is die beste apokaliptiese fliek wat jy al ooit gesien het of boek wat jy al ooit gelees het? (Apokalips verwys gewoonlik na die einde van die wêreld)

1.4. Wanneer was jy die meeste bekommerd oor die einde van die wêreld? Hoekom?

**2. Ons storie nou...**

2.1. Sy dissipels lewer kommentaar oor die heerlikheid van die Tempel, maar Jesus herinner hulle daaraan dat dit nie sal duur nie. Hoe hou Jesus se woorde in 21:5-6 verband met Sy woorde in 19:41-44?

2.2. Wat is die grootste verskil, dink julle, tussen hoe die Jode die teenwoordigheid van God ervaar het in die tempel en hoe ons Sy teenwoordigheid nou ervaar? Vir hulle was dit belangrik om tempel toe te gaan om te aanbid, ons glo ons kan aanbid op enige plek...

2.3. Is die kerkgebou en die erediens, ons gesamentlike aanbidding, nog belangrik? Hoekom (nie)?

2.4. Dink jy dat vreemdelinge (ook van ander tale en kulture) so beïndruk is met ons kerkgeboue en eredienste as wat ons dalk daaroor dink?

2.5. Dink jy dat hierdie vreemdelinge tuis voel by ons aanbiddingsgeleenthede?

**3. God se storie...**

Lees Lukas 21:5-39 weer rustig saam deur. Die gedeelte kan makliker verstaan word, as ons dit in dele benader:

3.1. Wat is Jesus se beskrywing van die komende einde in 21:7-11 en wat is die hoofpunt wat Jesus wil hê die dissipels moet verstaan?
3.2. Kyk nou na v12-19. Wat sê Jesus sal met die dissipels gebeur voor die tyd van vernietiging? Wat is Jesus se hoofvermaning aan Sy hoorders?
3.3. In v20-33 word oor die toekoms gepraat, beide in terme van die vernietiging van Jerusalem (21:20-24) en die regverdiging van Christus (21:25-28). Wat sê Jesus oor die dreigende vernietiging van Jerusalem en die Tempel (21:20-24), wat in 70 n.C. plaasgevind het voordat Lukas sy Evangelie geskryf het?
3.4. Wat sou jy sê is die hoofpunt van Jesus se woorde in 21:25-28?
3.5. Hoe sou hierdie lering beide Jesus se hoorders en die eerste-eeuse lesers van Lukas se Evangelie beïnvloed? Hoe raak dit jou?
3.6. Verse 29-33 bevestig die oproep tot waaksaamheid (sien ook verse 8 en 36) deur die gebruik van natuurlike beeldspraak. Dit lei tot spesifieke vermanings vir Jesus se dissipels in verse 34-36. Wat is die vermanings en hoe is dit vandag op ons van toepassing?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

4.1. Ons het nie meer 'n spesifieke plek nodig om God te aanbid nie. Ons kan die Here op enige plek aanbid. Hoekom is die gemeente dan so belangrik? Is dit nog enigsins belangrik om 'n erediens by te woon?
4.2. Hoe kan ons ons gereed maak vir die wederkoms? Martin Luther het gesê as hy doodseker was Jesus kom môre, plant hy vandag nog 'n appelboom. Hoekom sê hy dit?
4.3. Wat is ons troos wanneer ons deur rampe en ongelukke gaan?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 17 November - Lukas 22:5-19
- Dinsdag 18 November - Psalm 46
- Woensdag 19 November - Jeremia 23:1-6
- Donderdag 20 November - Kolossense 1:11-20
- Vrydag 21 November - Lukas 1:68-79
- Saterdag 22 November - Lukas 23:33-43